Geliefde Lourensrivierder

Ek sê vanoggend vir die Here dankie vir die reën en die gedagte kom by my op: “maar wat het jy dan anders verwag..... die hele Suid Afrika bid al maande vir reën” 😊

En net daar besef ek dat VOLHARDING IN GELOOF meer sê as wat ons daarvan verstaan.....

Paulus sê in Hebr 1:10-12 & 2:1 “En verder: “U, Here, het in die begin die aarde gevestig, en ook die hemel is die werk van U hande. Dié dinge sal vergaan, maar U bly bestaan; soos 'n kledingstuk sal alles verslyt; soos klere sal U dit oprol; ja, soos 'n kledingstuk sal dit vervang word. Maar U, U bly dieselfde, en U jare het geen einde nie. *Om hierdie rede* moet ons soveel kragtiger vasgryp aan wat ons gehoor het, sodat ons nie dalk wegdrywe nie.”

MET ANDER WOORDE.... Dis een ding om te glo, maar dis ‘n ander ding om te VOLHARD in geloof..... Hoe weet die wêreld dat ons waarlik glo?? As ons bly volhard..... aanhou bid en glo al sien ons niks gebeur nie.....

OMDAT ons weet wie God is, kan ons niks anders doen as om aan Hom vas te gryp nie. Volharding het te doen met Christus wat my gered (gegryp) het en daarom kan ek nie anders as om aan Hom vas te klou nie.....

Paulus sê in Rom 5:3-5 “Dit is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop; en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het.

NUUSKRUMMELS: 22 JUNIE 2017

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR

DINAMIET KIEDZ

Sondag, 25 Junie gaan Helpmy Uitdiemoeilikheid en **Hospice** vir die Kiedz kom vertel hoe mense gehelp kan word wat kanker het. Hospice het tans ‘n projek vir 0-6 jariges waar warm serpies, sokkies, mussies en handskoentjies ingesamel word, dus kan julle ons hiermee help indien julle graag wil. Kiedz kan Sondag, al iets saambring, maar die projek eindig eers 14 Julie, dus kan daar nog by die Kerkkantoor ook afgelaai word. Dit is geensins verpligtend nie ❤

MAG (Meisies Agter God) OGGEND:

As jy 'n mamma, tannie, vrou, sussie, niggie, ouma of oumagrootjies is: Dit is waar jy die 9/9 MOET wees .

Moenie uitmis nie, daar is soveel bederf!

Kaartjies by Lourensrivier Gemeente Kerkkantoor beskikbaar 🔥🎉

Tel nr. 021 853 5991

-praise & worship 🎼

-spreker 😊

-danse 🕺

-pryse 🎀

-eet- en drinkgoed 🍕🍷

-photobooth 📷

Vir meer inligting: Kontak Anneli Theron @ 071 586 1808

IMAGO PARE-NAWEEK WERKSWINKEL @ LOURENSRIVIER KERKSAAL

DATUM: 18 – 20 Augustus 2017

Tema: Getting the Love you want (word in Afrikaans aangebied)

Kom jy dit ook agter?

Feitlik elke dag hoor ons deur middel van die Media hoedat verhoudinge tussen geliefdes skeefgeloop het? Dan hoor ons van al die pynlike interaksies wat daarop gevolg het.

Om in 'n Liefdesverhouding te staan, is baie gekompliseerd. Ons het sekerlik almal ervaring van die worsteling om my maat te probeer verstaan.

Ons het volle simpatie met hierdie worsteling! In ons eie Verhouding ervaar ons ook dikwels hierdie worsteling en misverstande.

Imago Teorie is 'n besondere Verhoudings-Model wat vir ons help om onder andere ons Verhouding-Dans te identifiseer en dan ook die verhouding-vaardighede vir ons gee van hoe om meer konstruktief met my maat saam te leef.

Om pare te begelei en toe te rus met Verhouding Vaardighede bied ons Imago Pare Werkswinkels tydens naweke aan. Tydens hierdie Werkswinkels skep ons 'n veilige omgewing waarin lewensmaats dan toegerus word om op 'n dieper vlak mekaar te verstaan. Die gevolg hiervan is dat hul Verhouding-Dans dan ook meer konstruktief raak.

Tydens die Werkswinkel:

- gebruik ons die Verhouding-Teorie van: Harville Hendrix (Getting the Love you want
- bly jou privaat-sake jou privaat-sake (jy hoef glad nie voor die Groep oor jou verhouding te praat nie)

Wat ons wel doen is om geleenthede te skep waar jy en jou maat alleen en privaat met mekaar oor aspekte van julle verhouding kan praat.

Dit sal vir ons 'n groot voorreg wees om vir jou en jou maat by hierdie Werkswinkel te mag ontvang!

Volle besonderhede in verband met hierdie Werkswinkel is op ons webwerf beskikbaar:
www.coupletherapy.co.za
Navrae: Willem Botes @ 0836582154

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP

STRAND DIENSSENTRUM: WINTER KERSETE 2017
Vrydag, 7 Julie 2017, 11h30 vir 12h00: Prys pp R120.00

Kom geniet soos altyd 'n heerlike warm ete by ons jaarlikse Winter Kersete!
Bespreek asb vroegtydig by die Dienssentrum Ontvangs (021-8544552) om teleurstelling te voorkom.
Slegs 'n beperkte aantal sitplekke beskikbaar.

Spyskaart: Gebakte lamsvleis pastei; Geurige gevulde hoenderborsies; Gebakte aartappels; Groenboontjiegereg; Gemengde geroosterde groente

Nagereg: Vrugtekelkie poeding met vla, asook Koffie/Tee

Heerlike vermaak asook verrassings wat wag! Wyn en sap sal voorsien word.

Helga Steyn
Admin /Bemarking

Strand Dienssentrum
ACVV Dienstak

GELUKWENSINGS:

DOOP: Lex Louw (gedoop 18/06/17)
Baie seën aan pappa en mamma Deon & Michelle Louw asook oupa en ouma Hennie & Freda Barnard

BAIE SEëN OOK AAN SPLINTERNUWE OUPAS & OUMAS ASOOK PAPPAS & MAMMAS

☺ Oupa en Ouma Deon & Arina Dixon:
Jamie & Anelda (dogter) Fereira se seuntjie Adolf is op 16 Jul gebore
('n agterkleinkind vir oupa Ben Dixon, baie geluk!)

☺ Oupa en Ouma Thom & Issie Potgieter:
William & Ilse (dogter) Meyer se seuntjie, Matthew is op 20 Jul '17 gebore

KNIEWERK:

- Bid vir waterkrisis en verantwoordelike gebruik van waterbronne. Dankie Heer vir mildelike reën!
- Kankerbehandeling: Paul Louw; Owen Wallis; Amanda Vosloo; Sannie le Roux; Annette Laten
- Angelique Stassen vir gesondheid
- Carel Smit gaan eerder tuis versorg word. Bid ook asb vir Linda, sy vrou.
- Monica Lambrechts (kanker)
- Mossie Mosterd herstel na operasie (stent)

TERUGVOERING/GEBEDSVERHORING:

Ons wil baie graag weet hoe dit gaan met almal vir wie ons bid. Hou ons asb op hoogte.

- Jolize Voges se knievervanging was suksesvol, dankie Here. Bid asb vir herstelproses.

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK DEEL VAN SONDAG 25 JUNIE SE BOODSKAP: Gen 21:8-21

(DERDE WEEK IN KONINKRYKSTYD)

Ook vir moderne mense onderstreep hierdie teks God se troue versorging. Abraham en Sara het die vervulling van God se belofte dat 'n nageslag uit hulle gebore sal word, beleef. Tog het God ook sy trou aan Hagar en Ismael beloof, en dit betoon.

Die uitvoering van God se beloftes het lank geneem. God het 'n tydraamwerk wat nie aan ons bekend is nie. Dit verg volharding om aan God trou te bly.

Soms gaan God se pad met mense ook deur swaarkry. Dink maar net aan Hagar en Ismael se ontbering in die woestyn. Daar was bv. nie water nie, maar God het uiteindelik ook water voorsien.

Terwyl ons van water praat, dink aan die geweldige droogte in Suid-Afrika. Sekere dele van die land het oorvloedige reën ontvang. Ander dele is steeds in ontsettende watersnood vasgevang. In mensheugenis het dit nog nie gebeur dat die Oranjerivier ophou vloei het of dat die Kaapse metropool minder as 10% bruikbare water oor het nie.

Tog aktiveer ons teks hoop en geloof. Dit help ons verstaan dat ons kan huil en hulp by God kan afsmeek, ook in ons diepste oomblikke van swaarkry. Daar is genoeg getuienis deur die eeue dat God luister en hoor, soos wat Ismael se naam ("God luister/hoor") beteken en sy lewe illustreer. Ons is mos ook Abraham se nageslag.....

Manne Wat Glo sing Geboorteland:
https://www.youtube.com/watch?v=ZRz2n_KQWXU

& Mosterdsaad: https://www.youtube.com/watch?v=XhTwsfAdG5I

Jackie@Lourensrivier
OORGEE, OMGEE, AANGEE